PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

# Super Rugby 2020 Week 5

**Highlanders vs Rebels**
Die Highlanders verloor verrassend op hulle tuisveld in Dunedin. Die Aussies wen hierdie *game* welverdiend 28-22 **ou grote.** Dit is asof 2020 tot dusver nie 'n algehele *Kiwi* oorheersing is nie.
Die Highlanders reis na SA om teen die Bulle te gaan uitdraf op Loftus. Die Rebels gaan in Melbourne teen die Leeus uitdraf.
**Waratahs vs Leeus**
Die Leeus is net 'n skadu van die 2019 span maat. Die *Jo'burgers* verloor teen 'n gemiddelde Waratah span wat spog met drie agtereenvolgende neerlae 29-17.
Die Leeus speel volgende teen die Rebels in Melbourne en sal wraggies waar so vinnig die sirkus arena moet verlaat en terugkeer na planeet rugby.
Die Waratahs speel volgende teen die Chiefs in Wollongong.
**Hurricanes vs Sunwolwes**
Die Japanese Wolwe word deur 'n orkaan getref in Napier. Die Canes daag op met oorgawe en verniel die Wolwe met 'n reuse telling van 62-15. Die hoogtepunt van hierdie *game* was die puik spel van die gewese Haai vleuel, Kobus van Wyk, wat beloon word met drie skitter drieë! Met hierdie oorwinning het die Canes ook nou tweede in die Nieu-Seeland konferensie ingeskuif.
Die Sunwolwes se lyding gaan Sondag voortduur want hulle kom teen die Brumbies in Osaka te staan, hopelik sal hulle beter vertoon voor hulle tuisskare.
Die Canes gaan in 'n tipiese *Kiwi* derby betrokke wees en draf op teen die Blues in Wellington.
**Reds vs Haaie**
Die Haaie behaal welverdiend hulle derde oorwinning op hulle toer en klop die Reds in Brisbane 33-23. Die telling vlei dalk die Reds want die Haaie kon veel verder gewen as dit nie vir die *ref* was wat 'n nagmerrie *game* gehad het nie.
Vir die Haaie het hulle agtsteman, Sikhumbuzo Notshe, geskitter **ou grote**. Die gewese WP speler is tans die X Faktor in die Haaie se planne.
Die Haaie speel volgende teen die Jaguares in Durban met die Reds wat Christchurch toe moet reis om teen die Crusaders te gaan uitdraf.
**Stormers vs Blues**
O aarde Gatiepie, daar is mos nou groot *molato* in die Kaap duisende mense sit tans sonder behuising. Duisende Stormer *supporters* het met 'n *'big bang'* teruggekom aarde toe!
Die Kapenaars verloor vir die eerste keer in 2020 en moes die aftog blaas met 33-14. Nog hartseer daarby is dat hulle ster speler, Pieter-Steph du Toit beseer is en vir ten minste twee maande buite aksie gaan wees.
Die Stormers het gelukkig 'n loslootjie in Week ses. Die Blues reis terug na Nieu-Seeland om teen die Canes in Wellington te gaan uitdraf.
**Bulle vs Jaguares**
In Pretoria heers daar so 'n ongemaklike stilte, amper soos die broer in die tronk wat jy nou nie juis oor praat nie **ou grote**. Ongelukkig in enige kompetisie moet daar 'n laaste plek op 'n puntetabel wees. Maar as eens 'n trotse unie slegs een bonus punt kon verdien in vier *games* met vier neerlae is daar groot aksie maat.
Die Bulle verloor 39-24 teen die Argentyne, Die Jaguares is definitief 'n span om met mee rekening te hou in 2020.
Die Jaguares reis Durban toe om volgende teen die Haaie te speel. Die Bulle gaan tuis teen die Highlanders te staan kom.
Dan moet die Blitsbokke eretoekennings kry vir hulle puik prestasie met die laaste HBSC Sewes Toernooi in Las Vegas. Die Blitse veg terug in die finaal teen Fidji en loop 0-19 agter om uiteindelik 29-24 as Vegas kampioene gekroon te word. Skitterend, manjifiek!

**Nag ou grote...**

# HEINEKEN® 0.0 IMPI CHALLENGE ENTRIES OPEN



Adventure seekers enjoying the action of the Heineken® 0.0 IMPI Challenge. Photo Credit: Kyle Cestari



Entrants proving that teamwork is the way to go at the Heineken® 0.0 IMPI Challenge. Photo Credit: Mark Sampson

Coetzenburg in Stellenbosch - Western Cape on Saturday 23 May, Van Gaalen Kaasmakerij in Skeerpoort - North West on 31 October and the Purple Windmill in Stellenbosch again on 28 November!
**For more information on the Heineken 0.0 IMPI Challenge on info@impichallenge.co.za**






Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| PW EVENTS | Date | Venue | Tel | Email |
|---|---|---|---|---|
| Buffelspoort Karnaval | 7 Mrt '20 | Rustenburg: Buffelspoort | 082 377 8682 | karnaval@rtbgkerk.org.za |
| Nature Hike | 7 Mrt '20 | Rustenburg: Kgaswane Mountain Reserve | 014-533-2050 | rdinale@nwptb.co.za |
| Dwergie fees | 7 Mrt '20 | Ventersdorp: Club Amigos | 071-639-2599 | dwergiessa@gmail.com |
| Vreesloos Vrou | 10 Mrt '20 | Rustenburg: Hoërskool Rustenburg | 014-592-1365 | rhs@hsrtb.co.za |
| Miss and Mr Valley 2020 | 21 Mrt '20 | Phokeng: Sun City | 072-626-4964 | events2@telkomsa.net |